Die Pesaglam

Ongeveer 1500 jaar uit mekaar herhaal ’n gebeurtenis amper tot die letter.

Toeval?

Presiese vervolmaking van die voorloper sodat die volheid van Vader se wil openbaar kan word en die mens die seën daarvan kan ontvang.

Kom ons vergelyk die gebeurtenisse en hulle betekenis.

Gebeurtenisse in die vroeëre wandel van יהוה met Yisra'el in die fisiese, het profetiese betekenis na die Mashiagh wat sou kom sodat hulle dit sou kon sien en aanvaar.

1 Kor 15

45 So is daar ook geskryf: die eerste mens, Adam, was ‘n lewende gees; die laaste ‘Adam’, ‘n Lewegewende Gees.

46 Die geestelike is nie eerste nie, maar die natuurlike, daarna die geestelike.

1. Die volk is vasgevang in slawerny.

Yog 6:34 - 34 Yeshua antwoord hulle: “Dit is ‘n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: elkeen wat sonde doen, is ‘n slaaf van die sonde

2. יהוה belowe aan hulle beskerming teen die dood = straf vir die sonde, deur die bloed van die lam aan die deurposte.

Rom 6:22 Nou, omdat julle vrygemaak is van die sonde en slawe geword het van God, lei die voordeel wat julle trek tot afgesonderdheid en die uiteinde is die ewige lewe.

23 Die eindproduk van die sonde is die dood, maar die geskenk van God is die ewige lewe, in ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een.

3. Dit is die eersgeborene wat namens die volk moet sterf (Eks 11:5).

Yeshua is die Uniek Eersgeborene van die Vader.

4. ‘n Volmaakte lam moes gekies word en vir 4 dae getoets word voor Pesag. Aviv 10-14 (Eks 12:3, 5; Deut 15:21).

Yeshua is vier dae voor die tyd gesalf en vir 4 dae lank getoets en rein verklaar (Yog 12:1 Yog 12:2-37).

- **Die Godsdienssisteem kon geen fout vind en moes mense omkoop om aanklagte te versin. Die skuld wat hulle kon vind was slegs deur verdraaiïngs (Yog 26:57)**
- **Y'hudah het Hom onskuldig verklaar (Mat 27:3-4).**
- **Pilatos se vrou het Hom onskuldig verklaar (Mat 27:19).**
- **Die hoof van die "huis" (Pilatos) het Yeshua onskuldig verklaar. (Mat 27:23-24)**

5. Hierdie volmaakte lam is opsy gesit, afgesonder om dood gemaak te word (Eks 12:3-6)

Yeshua was so ‘n Lam (Yes 53:7; 1 Kefa 1:19-20).

6. Die bloed van die lam moes aan die bokant (kop) en sykante (hande) van die deurpos gesmeer word.
   - Verbondsverhouding (Eks 12: 22-23).

So het ook Sy kop en hande gebloei.

So moet Mashiagh se bloed op ons voorkoppe (verstand en aanvaarding) en op ons regterhand (dade) gesit word om vrygemaak te word van die straf van die sonde (dood) (Open 7:3; 9:4; 22:4; Eks 3:9, 16; Deut 6:8; 11:18).

7. Om gered te word van die doodsengel moes die persoon deur die bloedgesmeerde deur ingaan in die huis en daar bly (Eks 12:22).

Yeshua is die deur van verlossing deur Wie se bloed ons vrygespreek word. Daar is geen ander deur, met bloed aan die hoof en hand.

Yog 10:9; 14:6; Hand 4:12; Open 1:5;

Heb 9:22; 1 Yog 1:7.

8. Geen bene van die lam mag gebreek word nie.

Yeshua se bene was nie gebreek nie (Yog 19:31-33).

9. Elkeen moes deel aan die eet van die lam (Eks 12:3).

Verlossing is individueel en elkeen moet afsonderlik deel kry aan Yeshua.

Yeshua word deur dit alles verklaar as ons Pesaglam.

1 Kor 5:7

Gooi die ou suurdeeg uit sodat julle ‘n nuwe stuk deeg kan wees, soos wat julle eintlik ongesuurd is, want ons Pesaglam, Die Gesalfde Een, is vir ons geslag.

As Hy verklaar word as ons Pesaglam moet ons pasop om Hom nie te verwerp en ons eie pesaglam steeds in die fisiese te kies nie.